

REG EN ORDE

VEEDIEFSTAL: KEN DIÉ WETTE

BOERE behoort kennis te dra van die inhoud van wetgewing wat ter sprake is wanneer vee gesteel word. Talle bykomende oortredings kan ingevolge dié wette by die klagstaat van die veedief gevoeg word. Die Wet op die Identifikasie van Diere en die Wet op Veediefstal is die twee wette wat algemeen met veediefstal geassosieer word. Daar is ander wette wat ook oortree word wanneer vee gesteel word, soos die Omheiningswet (Wet 31 van 1963) en die Wet op Oortreding (Wet 6 van 1959).

Skutwette is tans 'n provinsiale aangeleentheid en elke provinsie het sy eie wet. Omdat munisipaliteite regstreeks daardeur geraak word, geld ordonnansies in die verskillende provinsiale en munisipale regulasies. Die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye het die Nasionale Skutwetsontwerp vir kommentaar bekend gemaak. Die doel van die beoogde wet is om nasionale norme en standaarde vir die bedryf van skutgeriewe en die skut van diere te bepaal.

Die RPO het 'n werkgroep saamgestel om kommentaar op die wetsontwerp te lewer. Die kommentaar is ook aan affiliasies van Agri SA vir verdere oorweging verskaf.

Alle belanghebbendes se kommentaar is aan die departement voorsien vir oorweging.

Indien 'n grondeienaar diere van buite Suid-Afrika op sy eiendom vind, moet hy die diere in afsondering plaas en die staat se veeartsenydiens in kennis stel. Die veeartsenydiens sal aan die grondeienaar voorskryf wat om met die diere te doen.

VREEMDE VEE OP DIE PLAAS

Indien 'n grondeienaar vreemde vee op sy plaas vind, is die eienaar van die vee gewoonlik aanspreeklik vir enige skade wat hulle veroorsaak deur daar te wei, selfs as daar geen nalatigheid betrokke is nie. Die eienaar van die vee is aanspreeklik – selfs al het die diere toegang verkry deur die nalatigheid van 'n derde persoon, byvoorbeeld wanneer iemand wat die hek na 'n naburige eiendom oop gelos het.

Sulke diere mag nie vir langer as 48 uur op die eiendom bly nadat die grondeienaar hulle opgemerk het nie – tensy die grondeienaar 'n skriftelike kennisgewing aan die diere se eienaar gestuur het of (indien hy nie weet wie die eienaar is nie) die naaste skutmeester in kennis gestel het. Die grondeienaar mag nie die diere(e) verkoop nie. As hy dit doen, kan die vee-eienaar die waarde van die diere(e) van hom verhaal soos ook die skade wat hy gely het as gevolg van die verkoopstransaksie. Die grondeienaar sal ook aan 'n misdryf skuldig wees.

Indien 'n grondeienaar diere van buite Suid-Afrika op sy eiendom vind, moet hy die diere in afsondering plaas en die staat se veeartsenydiens in kennis stel. Die veeartsenydiens sal aan die grondeienaar voorskryf wat om

met die diere te doen. Enigiemand wat 'n diere aan die skutmeester oorhandig, is geregtig op 'n bedrag geld vir die aanjaag of vervoer van die diere(e), soos uiteengesit in die provinsiale ordonnansies. Indien 'n werknemer die diere na die skut neem, moet die grondeienaar 'n nota saamstuur wat die diere beskryf en waarin sy werknemer gemagtig word om die diere aan die skutmeester te oorhandig.

Die skutmeester kan die voorgeskrewe vervoerkoste, skutgelde en ander uitgawes om die diere te ent, dip of te behandel, verhaal voordat 'n geskutte diere vrygelaat word. As 'n diere nie opgeëis word nie, kan die skutmeester dit per openbare veiling verkoop.

LOSLOPENDE DIERE

Groot probleme word ook met loslopende diere ondervind, veral op strate en langs paaie. Die grootste kommer is die motorongelukke wat dié diere veroorsaak. Dié ongelukke kan lei tot lewensverlies en groot skade aan voertuie. Soms betree hierdie diere ook mense se persele en beskadig plante en selfs voertuie.

Die veediefstaleenheid mag op sulke diere beslag lê en hulle na 'n skut neem. Die eienaars moet 'n bedrag betaal om die diere terug te kry. Nie alle dorpe se munisipaliteite het egter skutkrale nie. Vee-eienaars moet veewagters aanstel wat te alle tye na sulke diere kan kyk. Streng boetes kan aan skuldige eienaars uitgereik word indien die loslopende diere as hulle eiendom geïdentifiseer word.

BETREDERS

Ingevolge die Wet op Oortreding is 'n betreder 'n persoon wat onregmatig en sonder toestemming op iemand anders se grond teenwoordig is. So 'n persoon maak hom of haar skuldig aan 'n kriminele oortreding.

Iemand wat 'n wettige rede het om op iemand anders se eiendom te wees, kan nie skuldig bevind word aan betreding nie – selfs al

is hy of sy daar sonder die eienaar se toestemming. Daarom kan iemand wat goedere aflewer, 'n verteenwoordiger of iemand wat navraag doen oor aanwysings, nie 'n oortreder wees nie. Die Wet op

Oortreding maak nietemin voorsiening vir die vervolging om te bewys dat die beskuldigde die eiendom betree het sonder toestemming. Die persoon in die beskuldigdebank moet 'n wettige rede vir sy teenwoordigheid kan voorsien. Vee-eienaars moet seker maak dat mense wat van veediefstal aangekla word, ook aangekla word van onwettige betreding. Die straf vir dié oortreding is 'n boete van hoogstens R2 000 of tronkstraf van hoogstens twee jaar of albei.

INGEVOLGE DIE OMHEININGSWET IS DIE VOLGENDE 'N MISDRYF:

- As iemand 'n hek of 'n heining oopmaak en dit oop los of as iemand 'n hek wat hy oop aangetref het as hy daar deurgaen, dit nie toemaak nie (artikel 22).
- As iemand deur of oor 'n hek of heining klim of kruip sonder die toestemming van die eienaar of huurder van die grond waarop dié heining of hek geleë is (artikel 23).
- As iemand 'n hek of heining opsetlik beskadig of verwyder (artikel 24). Vee-eienaars moet seker maak dat mense wat aangekla word van veediefstal ook aangekla word van oortreding ingevolge die Omheiningswet. Hulle kan 'n boete van hoogstens R50 of tronkstraf van drie maande opgelê word. Iemand wat aan 'n tweede of opeenvolgende oortreding skuldig is, kan tot tronkstraf sonder die keuse van 'n boete gevonnissen word.
- Hierdie en ander inligting is in die handleiding vir veediefstalvoorkoming vervat.

Die volledige handleiding is op die RPO se webblad (www.rpo.co.za) beskikbaar.



HIERDIE BLAD IS DEUR DIE ROOIVLEISPRODUSENTE-ORGANISASIE GEBORG.

BERIGTE IS DEUR DIE RPO GESKRYF EN VERSKAF. RIG NAVRAE AAN DIE RPO BY 012 349 1102.

E-POS: rpo@lantic.net. WEBWERF: www.rpo.co.za.